WAT IS DIE WES-KAAPSE OUE PERSONE FORUM (WKOPF)?

Die Wes-Kaapse regering het in 1998 sy eie grondwet aanvaar. Hoofstuk 10 vereis dat hierdie regering die welstand van sy mense aktief bevorder en in stand hou. Dit sluit ’n omgewing in waar swak en ouer mense toegang tot familieversorging of alternatiewe versorging, basiese dienste, beskerming teen swak behandeling, verwaarlosing en mishandeling het.

Die WKOPF is in 2007 gestig om die oë en ore van ouers persone in die provinsie te wees. Dit is ’n organisasie sonder winsbejag wat met die provinsiale regering saamwerk om te verseker dat aan ouer persone se behoeftes voldoen word en hul regte beskerm word. Die WKOPF het tydens ’n AJV op 24 November 2009 sy eerste Raad verkies, ’n koördineerder aangestel, en op Januarie 2011 ’n kantoor geopen.

WKOPF is aktief betrokke:

- by die vestiging van streek en distrik forums regoor die provinsie;
- by die bevordering en verspreiding van die Handves van Ouer Persone;
- om met die “SA Social Security Agency” (SASSA) saam te werk om die stelsel vir pensioenuitbetalings in die provinsie te verbeter;
- om te verseker dat Die Wet op Ouer Persone, no. 13 van 2006, in die Provinsie geïmplementeer word.

Die doel van die WKOPF is om ouer persone oor hul regte in te lig, en namens hulle op te tree en vir die instandhouding en implementering van hul regte, stemme te maak.

DIE SA OUER PERSONE FORUM (SAOPF)

In 2000 het ’n amptelike ondersoek na die slegte behandeling van ouer mense bevind dat mishandeling en verwaarlosing algemeen voorkom in huishoudings, hospitale, gesinne, gemeenskappe, pensioen-rye en regeringskantore, en dat daar geen koherente beleid oor ouer mense of strategie vir die hantering van mishandeling van ouer mense is nie.

In 2005 is ’n nasionale konvensie gehou met afgevaardigdes van oor die hele Suid-Afrika wat organisasies verteenwoordig het wat met ouer persone werk, asook individuele ouer persone. Die doel was die fasilitering van ’n nasionale forum om die sektor te verenig, aan ouer persone ’n platform te gee, en met die regering te konsulteer en te onderhandel. In 2005 is ’n loodskomitee verkies om die SA Ouer Persone Forum as ’n regsentiteit te vestig. ’n Koördineerder is aangestel en ’n kantoor is in Kaapstad geopen.

Provinsiale forums is ook in die meeste provinsies gevestig. Versoek wat by verskeie ouer mense in dorpe en nedersettings verkry is, is ingesluit in ‘n Handves vir Ouer Persone wat in 2011 van stapel gestuur is.

"Human Rights don't stop at sixty"

WAT IS DIE WET OP OUER PERSONE?

In 2002 het Suid-Afrika die Verenigde Volke se Verklaring oor Veroudering onderteken waardeur ons verplig word om die regte van ouer persone en hul toegang tot dienste aan te spreek.

Die Wet op Ouer Persone is in 2006 na landswye konsultasies aanvaar. Die doel is om onregverdige diskriminasie te beveg en die regte, status, welstand, veiligheid en sekuriteit van ouer mense te bevorder. Die Wet is op alle staatsinstellings, amptenare en verteenwoordigers van toepassing

- Alle dienste en fasiliteite vir ouer mense moet geregistreer word en tuisgversorgers moet opgelei word.
- Residensiële fasiliteite mag nie teen persone wat vir toelating aansoek doen diskrimineer op grond van (onder andere) ras, geslag, gestremdheid of geloof nie.
- Inwoners komitees moet in residensiële fasiliteite gevestig word.
- Waar die mishandeling van 'n ouer persoon vermoed word, moet dit aan die polisie of maatskaplike werkers gerapporteer word. Die nalating hiervan is ‘n misdaad.

Wat kan U doen?

WKOPF is gestig om aan ouer mense wat in die Wes-Kaap woon seggenskap gee.

Ons moedig u aan om 'n aktiewe rol op alle regeringsvlakke te speel om te verseker dat u seggenskap het in beleide en programme wat u raak, sodat u gemeenskap voordeel uit u wysheid en ervaring kan put.

Distrik- en Streekforums vir ouer mense word in die provinsie gestig om te verseker dat u ingelig bly.

WKOPF moedig u aan om, as ouer persoon, die volgende te doen:

- sluit aan by die Wes-Kaapse Ouer Persone Forum;
- bly ingelig deur die nuusbriewe van die WKOPF en SAOPF te lees (wat aan u gepos sal word);
- teken aan op die webblad van SAOPF **www.saopf.org.za** of vra u plaaslike biblioteek om dit namens u te doen;
- vat hande saam met ander ouer persone in u klub, huis of gemeenskap;
- sluit aan by, of help om 'n Distrikforum in u gebied te stig;
- rapporteer vermoedelike gevalle van mishandeling van ouer mense by u naaste polisiestasie of kantoor van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan;
- staan ongeskikte of beledigende gedrag teë van diegene wat diens aan die gemeenskap moet lewer.

INLIGTING

Die forum verskaf nie dienste nie en sal nie individuele gevalle hanteer nie. Dit is 'n kollektiewe stem vir ouer mense. Dus ...

SLUIT AAN EN ONDERSTEUN DIE WKOPF. GESELS SAAM en laat u stem gehoor word ...

Sluit aan by die Forum deur as klub of individu 'n lid van u distriks forum te word. Die sakesektor kan ook bydraes tot die forum lewer.

KONTAK ONS ASB. BY:

Wes-Kaapse Ouer Persone Forum (WKOPF)
NPO 086-770 NPO
7de Vloer, "36-On-Long"
Langstraat 36, Kaapstad 8001
Posbus 3465, Kaapstad 8000
Telefoon: (021) 422-4398 ; Faks: (021) 424-5479
Epos: info@wcopf.org.za

social development
Department: Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SAOPF
South African Older Persons Forum

Western Cape Older Person's Forum
embracing the voice of the elderly

Western Cape Older Person's Forum
embracing the voice of the elderly

DIE REGTE VAN OUER PERSONE

Die volgende regte van ouer mense word in die Suid-Afrikaanse Grondwet beskerm:

- ***Die reg op gelykheid***
- ***Die reg op respek vir waardigheid***
- ***Die reg op gesondheidsorg, basiese dienste en maatskaplike sekuriteit***
- ***Die reg op beskerming teen mishandeling en onregverdige diskriminasie***

VISIE EN MISSIE

Die visie van die SA Ouer Persone Forum en die Wes-Kaapse Ouer Persone Forum is:

- om die bydrae van ouer mense te erken;
- dat ouer mense sekuriteit en persoonlike vervulling mag ervaar;
- dat die regte en waardigheid van ouer mense gerespekteer word;
- dat ouer mense 'n rol het om in ontwikkeling te vervul.

Die missie van SAOPF en WKOPF is om die belange en behoeftes van ouer mense te identifiseer en te artikuleer, soos dit deur hulle uitgespreek word; om, in konsultasie met die regering en ander rolspelers, te verseker dat hierdie behoeftes in wetgewing, dienste en programme aangespreek word.